## 9 November - TIMOTEUS

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 4:14-21**
**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 4:17**

Miskien sou mens kon sê dat Paulus nie professioneel was nie. Kyk net hoe persoonlik raak hy met die gemeente – hy vra nogal of hy met 'n slaanding moet kom (vs 21). Kyk net hoe eie raak hy – hy praat van homself as hulle vader (vs 14, 15). En boonop noem hy nog vir Timoteus *sy seun* (vs 17). Beteken professioneel dan nie op 'n afstand hou nie?

Wat 'n genade dat die apostel nie professioneel was nie. Wat 'n genade dat ons as kerk nie professioneel durf wees nie. Ons is God se familie. Maar God deel sy goedheid so uit dat sommige geestelike vaders is en ander geestelike kinders. Geestelike vaders help geestelike kinders in die lewe deur God se genade.

Nie net Timoteus het 'n geestelike kind geword nie, maar ook die Korintiërs. Hoe? Deurdat Paulus aan hulle die evangelie verkondig het (vs 14, 15). Paulus skrywe ook aan Filemon oor sy slaaf Onesimus: *Ek doen 'n beroep op jou in belang van my kind Onesimus. Hier in die gevangenis het ek sy geestelike vader geword* (Fil 1:10).

Elders noem die apostel vir Timoteus ook sy medewerker, maar met besondere toegeneentheid ook *my ware kind in die geloof* (1 Tim 1:2) en dikwels sy kind. Watter pragtige verhouding sien ons hier! Paulus het die evangelie gebring vir Timoteus daar in Derbe toe hy nog in sy ouerhuis was. Paulus het in sy lewe betrokke gebly met liefde en sorg.

Hierdie liefde en sorg was nie vrugteloos nie. Timoteus het gegroei tot 'n getroue seun. Timoteus het genadegawes van die Here ontvang om ook die evangelie te kon bedien as Paulus se helper. Paulus het hom begelei in die ontwikkeling van sy gawes.

Sy briewe aan Timoteus wys in elke hoofstuk hoe Paulus nie net met woorde vir Timoteus geleer het nie, maar ook in sy eie lewenswandel. Sy eie lewe het hy met Timoteus gedeel sodat Timoteus by hom kon leer.

Belewe jy ook hierdie toegewyde liefde in jou gemeente?

*Sing: Psalm 133:1 (1936-beryming)* *Ds PA Odendaal (Harrismith en QwaQwa)*